**N.G. Gemeente Vaalpark**



**Gebedsbulletin no 26**

**26 Junie 2025**

**Leef in Sy krag!**
**(1)**

**Vervul met die Heilige Gees**
Op Pinksterdag is almal deur die Heilige Gees vervul (Hand 2:4). As jy bely dat jy Christus as jou persoonlike Verlosser en Saligmaker aangeneem het, besit jy die Heilige Gees. "Hiéraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is" (1 Joh 4:2). "Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?" (1 Kor 3:16).

**Leeg sonder die Heilige Gees**
Hoe sal 'n mens die Here dien sonder die konstante teenwoordigheid van die Heilige Gees? Dit is soos 'n duur rekenaar sonder 'n hardeskyf. Sonder die Heilige Gees is ons 'n leë godsdiensdop. Ek en jy is magteloos om op eie houtjie die vinnige, gekompliseerde lewe aan te durf as ons nie leef uit die krag van God die Heilige Gees nie.

**Die Heilige Gees is 'n Persoon**
Daar word nooit in die Woord na die Heilige Gees as "dit" verwys nie, want Hy is 'n Persoon. Uit die Woord sien ons duidelik dat die Heilige Gees oor intellek, 'n eie wil en emosies beskik.

- Die Heilige Gees praat: "Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê̩…" (Openb 2:7).
- Hy tree as Middelaar op:"Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê̩ word nie" (Rom 8:26).
- Hy is 'n Gees wat liefhet: "…op grond van die liefde wat van die Heilige Gees kom…" (Rom 15:30b).
- Hy gee raad, wysheid en kennis "…die Gees wat wysheid en insig gee, die Gees wat raad en sterkte gee, die Gees wat kennis verleen…" Jes 11:2).
- Hy gee leiding: "Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God" (Rom 8:14).
- Omdat Hy 'n Persoon is, sou ons Hom kon bedroef (Ef 4:30).

**(vervolg)**

**Dankie!**

**Vir God die Heilige Gees!**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir die kleuterskole, skole en universiteite, kolleges en ander onderigsentrums. Vir hulle veiligheid, goeie onderrig sisteme, en Christelike leiding.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Rudi Kruger
- Johnny Viviers
- Judy Roux
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Pierre Pienaar
- Marelize Harrison
- Marcel Holtzhausen
- James Vermaak

Hannah Bylsma
Tannie Rina van der Vyver
Bradley Bam
Juanita Rossouw
Baba Elliana Kotzé
Oom Monty Pienaar
Spokie Vorster
Oom Thys van Tonder
Tannie Bettie Smit
Baba Emmelyn Heunis

**Gedagte vir die week**

**Sonder die Heilige Gees is ons soos ‘n duur rekenaar sonder ‘n harde skyf.**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org